



You have Downloaded, yet Another Great Resource to assist you with your Studies ☺

Thank You for Supporting SA Exam Papers

Your Leading Past Year Exam Paper Resource Portal

Visit us @ www.saexampapers.co.za

SA EXAM PAPERS

basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

**NASIONALE**
**SENIOR SERTIFIKAAT**

# GRAAD 12

# AFRIKAANS TWEEDE ADDISIONELE TAAL V1

**FEBRUARIE/MAART 2017**

**KWAZULU-NATAL**

**PUNTE: 120**

**TYD: 2½ uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 19 bladsye.**

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Hierdie vraestel bestaan uit VIER afdelings:

| | | |
|---|---|---|
| AFDELING A: | Leesbegrip | (30) |
| AFDELING B: | Opsomming | (10) |
| AFDELING C: | Taalstrukture en -konvensies | (40) |
| AFDELING D: | Letterkunde | (40) |

2. Beantwoord AL die vrae.

3. Begin ELKE afdeling op 'n NUWE bladsy.

4. Trek 'n streep ná elke afdeling.

5. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik word.

6. Laat 'n reël oop na elke antwoord.

7. Gee besondere aandag aan spelling en sinsbou.

8. Voorgestelde tydsindeling:

| | |
|---|---|
| AFDELING A: | 50 minute |
| AFDELING B: | 30 minute |
| AFDELING C: | 40 minute |
| AFDELING D: | 30 minute |

9. Skryf netjies en leesbaar.

## AFDELING A: LEESBEGRIP

## VRAAG 1: TYDSKRIFARTIKEL

Lees die tydskrifartikel (TEKS A) hieronder en beantwoord die vrae.


### TEKS A

### SUKSES NA HARDE WERK

1 Praise Ndebele (18) en Lwazi Shezi (16) was in 2013 onder die topmatrieks in hulle provinsies. Praise was Gauteng se topmatrikulant vir 2013. Lwazi Shezi (16), van KwaZulu-Natal, was een van die top 10-leerders in sy provinsie. Hy was ook een van Suid-Afrika se beste Wiskundeleerders in 2013.

2 Dit was nie maklik vir hierdie twee seuns om hierdie baie goeie prestasies te behaal nie. Omdat hulle nie saam met hul ouers gewoon het nie, kon hulle ouers hulle nie elke dag help nie. Daar was ook nie altyd genoeg geld nie en hulle het dikwels honger gaan slaap. Hierdie probleme het hulle nie gekeer om goed te presteer nie.

3 Praise Ndebele woon saam met sy oom en tante en hulle drie kinders in Midrand. Hy het by ’n township-skool in Tembisa skoolgegaan. Praise beskryf homself as ’n persoon met goeie selfdissipline. Nadat hy graad 11 in Desember 2012 geslaag het, het hy al begin leer vir sy finale matriekeksamen in 2013. Hy het elke dag dadelik begin leer wanneer hy van die skool af by die huis gekom het en het baie aande tot twaalfuur geleer. Elke Sondag het hy ’n studierooster vir die volgende week opgestel en dan vooruit studeer.



4 Praise het in nege vakke meer as 80% in die finale matriekeksamen gekry, met volpunte in drie van sy vakke. Hy het ’n volle studiebeurs ontvang en studeer nou aan die Universiteit van Kaapstad. Hy wil eers sy B.Com-graad voltooi en daarna wil hy verder in Wiskunde studeer.

5 Lwazi Shezi het in sy matriekjaar alleen in ’n HOP-huisie in Durban gewoon en was in Hoërskool Velabahleke. Sy pa, Aaron, was ’n vragmotorbestuurder en het eers saam met Lwazi gewoon. Nadat Aaron afgetree het, het hy teruggegaan na Mtwalume om vir Lwazi se twee susters te sorg. Lwazi het alleen agtergebly, want hy was in ’n goeie skool en sy pa wou gehad het hy moes daar studeer.



6 Lwazi het ook ’n baie besige skoolprogram gehad. Hy moes soggens baie vroeg opstaan, want sy eerste klas het reeds om vyfuur begin. Hy en sy klasmaats het dan eers sesuur saans weer teruggegaan huis toe. Hy het ook Sondae ekstra Wiskundeklasse gehad.

7 Dit was moeilik om alleen te woon. Lwazi het party dae niks gehad om te eet nie. Gelukkig het ’n buurvrou hom met etes gehelp en soms sy wasgoed ook gewas.

Kopiereg voorbehou 

8 Lwazi het begin skoolgaan toe hy vyf jaar oud was. Hy het altyd gesê hy wil tien onderskeidings (A's) in matriek kry en hy het dit reggekry. Hy het volpunte in Wiskunde en Rekeningkunde behaal en het net 'n punt gekort om volpunte in Fisiese Wetenskappe te kry. Iets waarop hy ook baie trots is, is dat hy 97% in 'n rekenaarvak behaal het, al het hy nie eens sy eie rekenaar gehad nie!

9 Lwazi het altyd daarvan gedroom om verder te studeer. Dit het amper nie gebeur nie, want sy pa kon nie sy studiegeld betaal nie. Gelukkig het 'n persoon met 'n goeie hart van Lwazi gehoor en sy studies aan die Universiteit van Kaapstad betaal. Lwazi sê hy sal eers voel dat hy regtig sukses behaal het as dit goed gaan met sy hele gesin.

[Verwerk uit *Huisgenoot*, 30 Januarie 2014]

1.1 In watter jaar het Praise en Lwazi matriek geskryf? (1)

1.2 Hoe oud was Praise toe hy matriek geskryf het? (1)

1.3 Van watter provinsie is Lwazi Shezi? (1)

1.4 Lwazi was een van die top 10-leerders in sy provinsie. Watter nasionale prestasie het hy behaal? (1)

1.5 Kies die korrekte antwoord tussen hakies.

Praise en Lwazi het (finansiële/gesondheids-) probleme gehad terwyl hulle besig was om vir matriek te studeer. (1)

1.6 Waarom kon Praise en Lwazi se ouers hulle nie elke dag help en ondersteun toe hulle in matriek was nie? (1)

1.7 Skryf EEN woord uit paragraaf 3 neer wat aandui dat Praise nie in 'n privaatskool was nie. (1)

1.8 Lees die volgende aanhaling uit paragraaf 3:

"Nadat hy graad 11 in Desember 2012 geslaag het, het hy al begin leer vir sy finale matriekeksamen in 2013."

Watter goeie les kan elke matriekleerder hieruit leer? (1)

1.9 Noem TWEE dinge wat Praise elke dag gedoen het wat wys dat hy sy tyd goed gebruik het. (2)

1.10 Waarom is die volgende stelling ONWAAR?

Praise is tevrede met **net** 'n B.Com-graad. (1)

1.11 Watter werk het Lwazi se pa voor sy aftrede gedoen? (1)

1.12 Waarom is die volgende stelling ONWAAR?

Lwazi is sy ouers se enigste kind. (1)

1.13 Waarom, dink jy, het Lwazi se pa reg opgetree om hom alleen in Durban te laat agterbly? (1)

1.14 Wat het Lwazi oor naweke gedoen wat hom gehelp het om goed te presteer in Wiskunde? (1)

1.15 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf net die vraagnommer (1.15) en die letter (A–D) neer.

Lwazi se buurvrou het hom gehelp; daarom kan ons sê dat sy buurvrou ... was.

A vrolik
B goedhartig
C gehoorsaam
D verantwoordelik (1)

1.16 Skryf EEN woord uit paragraaf 8 neer wat dieselfde beteken as om "A's" vir vakke te kry. (1)

1.17 Noem TWEE vakke waarin Lwazi volpunte behaal het. (2)

1.18 1.18.1 Waarom was dit nie maklik vir Lwazi om die rekenaarvak te neem nie? (1)

1.18.2 Kies die korrekte antwoord tussen hakies.

Al was dit vir Lwazi moeilik om die rekenaarvak te neem, het hy die vak goed geslaag. Dit bewys dat Lwazi (ernstig/moedeloos) oor sy studies was. (1)

1.19 Lwazi wou na matriek verder studeer. Waarom het dit amper nie gebeur nie? (1)

1.20 'n Vreemde persoon het Lwazi se studies betaal. Watter voorbeeld stel dit vir ander mense? (1)

1.21 Die opskrif van hierdie artikel is SUKSES NA HARDE WERK.


Kies die KORREKTE antwoord. Skryf net die vraagnommer (1.21) en die letter (A–D) neer.

Hierdie storie oor Praise en Lwazi is 'n "goedvoelstorie", want dit bewys dat ...

A daar altyd probleme is wat studies moeilik maak.
B jy sal slaag as jy saam met jou maats werk.
C studies die belangrikste ding in die lewe is.
D as 'n mens jou bes doen, sal jy wel goeie uitslae behaal. (1)

**TEKS B: VISUELE TEKS**

Bestudeer die teks hieronder en beantwoord die vrae.




**Die puntetelling uit 90 is volgens die SA Indeks van Kliënte-tevredenheid.**

[Verwerk uit Grafika24]

1.22 Watter soort vleis sal jy by hierdie kitskosplek kry? (1)

1.23 Kies die korrekte antwoord tussen hakies.

Volgens hierdie teks het McDonald's 'n (hoër/laer) puntetelling as FishAways. (1)

1.24 Hoekom, dink jy, is daar vlammetjies in Steers se logo? (1)

1.25 Hoeveel punte het Debonair's volgens hierdie teks gekry? (1)

1.26 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf net die vraagnommer (1.26) en die letter (A–D) neer.

Die doel van hierdie visuele teks is om te wys ...

A hoeveel mense in SA van kitskos hou.
B van watter kitskos mense in SA die meeste hou.
C watter kitskosplekke 'n mens in SA kry.
D dat mense in SA baie van kitskos hou. (1)

1.27 Hoekom, dink jy, is hierdie visuele teks makliker om te verstaan as 'n geskrewe teks? Gee EEN rede. (1)

**TOTAAL AFDELING A: 30**

## AFDELING B: OPSOMMING

### VRAAG 2: GOEIE MANIERE

- Som SEWE hoofgedagtes van **GOEIE MANIERE** op.
- Skryf die volsinne PUNTSGEWYS en in jou eie woorde neer.
- Nommer die volsinne van 1 tot 7.
- Jou opsomming mag nie langer as 60 woorde wees nie.
- Dui die KORREKTE getal woorde aan die einde van die opsomming aan.

### TEKS C

Goeie maniere kan jou help om beter met ander mense oor die weg te kom. Sê altyd asseblief en dankie wanneer dit nodig is.




Dit is goeie maniere om ander mense se eiendom te respekteer. Daarom moet 'n mens nie sommer net iets vat of dit gebruik sonder om te vra nie. 'n Mens moet ook nie ander mense se eiendom beskadig nie.



Wanneer jy met iemand praat, moet jy onthou dat ander mense jou kan hoor. Moenie onnodig hard praat nie. Wanneer jy te hard praat, mag mense dalk dink dat jy onbeskof is.



Goeie tafelmaniere is ook belangrik. Dit is onaangenaam om saam met iemand wat swak tafelmaniere het, te eet. Kou altyd met jou mond toe.



As jy jou selfoon moet gebruik terwyl jy saam met ander mense is, moet jy probeer om eenkant toe te gaan. Ander mense wil nie hoor wat jy oor jou selfoon sê nie.



Wanneer baie mense saam is, moet almal wat wil praat, 'n kans kry om iets te sê. Luister terwyl ander mense praat en wag tot dit jou beurt is om te praat.





Sê geluk aan ander mense wat iets goeds gedoen het. Dit maak mense gelukkig as iemand anders raaksien wat hulle doen.



[Verwerk uit wikihow.com]

**TOTAAL AFDELING B: 10**

**AFDELING C: TAALSTRUKTURE EN -KONVENSIES**

**VRAAG 3: ADVERTENSIE**

Lees en bestudeer die advertensie (TEKS D) hieronder en beantwoord die vrae.

**TEKS D**




[Eie teks]

3.1 Vir wie is hierdie advertensie bedoel? (1)

3.2 Gee die VERGROTENDE TRAP VAN VERGELYKING van die woord tussen hakies.

(wit) en gesonder tande (1)

3.3 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf net die vraagnommer (3.3) en die letter (A–D) neer.

"Om met 'n mondvol tande te sit" beteken jy ...

A het te veel tande in jou mond.
B weet nie wat om te sê nie.
C hoef nie te glimlag nie.
D het nog al jou tande. (1)

3.4 Hoekom gebruik die adverteerder verskillende lettertipes in die advertensie? (1)

3.5 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf net die vraagnommer (3.5) en die letter (A–D) neer.

Watter skryfteken word in die woord "sê" gebruik?

A Deelteken
B Koppelteken
C Aksentteken
D Kappie (1)

3.6 Kies die korrekte antwoord tussen hakies.

Wys vir almal jou tande is (silwerskoon/beeldskoon). (1)

3.7 Kies die korrekte UITROEP tussen hakies.

(Sjoe/Hoera) vir sterker tande! (1)

3.8 Hoe word die naam van die produk uitgelig? (1)

3.9 Waarom pas die prent van die vrou wat glimlag by hierdie advertensie? (1)

3.10 Voltooi die volgende sin deur 'n woord in die lys hieronder te gebruik. Skryf net die vraagnommer (3.10) en die ontbrekende woord neer.



vrolik oor; trots op; tevrede met


Die tandmannetjie steek sy duim in die lug op om te wys dat hy ... die tandepasta is. (1)

**[10]**

**VRAAG 4: STROKIESPRENT**

Lees en bestudeer die strokiesprent (TEKS E) hieronder en beantwoord die vrae.

**TEKS E**




[Verwerk uit meester.yolasite.com]

4.1 Voltooi die VRAAGSIN.

Neelsie is laat vir die rekenaarklas.

**Begin só:** Vir watter klas …? (1)

4.2 Gee die ANTONIEM van "laat". (RAAMPIE 1) (1)

4.3 Skryf die sin oor in die INDIREKTE REDE.

Meneer sê vir Neelsie: "Jy speel altyd speletjies."

**Begin só:** Meneer sê vir Neelsie dat ... (1)

4.4 Gebruik die woord "leer" (RAAMPIE 1) in 'n sin sodat dit 'n ANDER BETEKENIS het. (1)

4.5 Kies die korrekte antwoord tussen hakies.

Die frons op Meneer se voorkop in RAAMPIE 2 wys vir ons dat hy (kwaad/vriendelik) is. (1)

4.6 Skryf die korrekte Afrikaanse woord vir "*sorry*" neer. (1)

4.7 Hoe kan ons in RAAMPIE 2 aan Meneer se liggaamstaal sien dat hy met Neelsie raas? (1)

4.8 4.8.1 Kies die korrekte antwoord tussen hakies.

"Jou klipkop!" is 'n voorbeeld van (letterlike/figuurlike) betekenis. (1)

4.8.2 Wat bedoel Meneer as hy vir Neelsie sê dat hy 'n "klipkop" is? (1)

4.9 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf net die vraagnommer (4.9) en die letter (A–D) neer.

Neelsie hou aan om vir Meneer te sê "*sorry*", want Neelsie ...

A is regtig jammer oor alles wat hy verkeerd doen.
B wil hê dat Meneer moet ophou baklei.
C hou baie daarvan om Engels te praat.
D het 'n verskoning gehad waarom hy laat was. (1)

**[10]**

## VRAAG 5

5.1 Lees die leesteks (TEKS F) hieronder en beantwoord die vrae.

**TEKS F**

### DIE COMRADES MARATHON

1 Die Comrades Marathon is 'n ultramarathon van ongeveer 89 (5.1.1) (km) wat elke jaar in KwaZulu-Natal plaasvind. Dit is die wêreld se grootste en (5.1.2) (oud) ultramarathon. Ongeveer 23 000 atlete neem (5.1.3) (aan/in) die marathon deel.

2 Die roete ruil (5.1.4) (elke jaar) om. Die een jaar begin atlete in Durban en hardloop "op". (5.1.5) Die volgende jaar begin hulle in pietermaritzburg en hardloop "af". Atlete het 12 ure (5.1.6) (... die afstand ... voltooi).

3 Die Comrades Marathon stel hoë (5.1.7) (eise/yse) aan atlete. Daarom moet atlete ouer as (5.1.8) (20) jaar wees.

4 Bruce Fordyce is die mansatleet wat die meeste Comrades Marathons gewen het. (5.1.9) (Hy/Sy) het dit nege keer gewen. Frith van der Merwe is 'n klein (5.1.10) (vrou) wat ook goeie (5.1.11) (prestasie) behaal het.

5 Wally Hayward het sy laaste Comrades Marathon (5.1.12) (hardloop) toe hy 80 jaar oud was. Daar was 'n paar Comrades Marathons waaraan hy (5.1.13) ... deelgeneem het nie.

6 (5.1.14) Die atlete help mekaar. Die gees van Ubuntu is altyd sterk by die Comrades Marathon. (omdat)

[Verwerk uit Wikipedia.com]

Kopiereg voorbehou 

5.1.1 Skryf "km" as 'n woord. (Reël 2)

... van ongeveer 89 km wat elke jaar in KwaZulu-Natal plaasvind. (1)

5.1.2 Skryf die korrekte VORM van "oud". (Reël 3)

Dit is die wêreld se grootste en oud ultramarathon. (1)

5.1.3 Kies die korrekte VOORSETSEL tussen hakies. (Reël 4)

Ongeveer 23 000 atlete neem (aan/in) die marathon deel. (1)

5.1.4 Gee EEN WOORD vir "elke jaar". (Reël 5)

Die roete ruil elke jaar om. (1)

5.1.5 Skryf die woord neer wat met 'n HOOFLETTER geskryf moet word. (Reël 7)

Die volgende jaar begin hulle in pietermaritzburg en hardloop "af". (1)

5.1.6 Voltooi die INFINITIEF. Skryf die hele sinsdeel oor. (Reël 7 en 8)

Atlete het 12 ure ... die afstand ... voltooi. (1)

5.1.7 Kies die korrekte woord tussen hakies. (Reël 9)

Die Comrades Marathon stel hoë (eise/yse) aan atlete. (1)

5.1.8 Skryf die GETAL (20) in woorde. (Reël 10)

Daarom moet atlete ouer as 20 jaar wees. (1)

5.1.9 Kies die korrekte VOORNAAMWOORD tussen hakies. (Reël 12)

(Hy/Sy) het dit nege keer gewen. (1)

5.1.10 Gee die VERKLEININGSVORM van "vrou". (Reël 13)

Frith van der Merwe is 'n klein vrou. (1)

5.1.11 Gee die MEERVOUD van "prestasie". (Reël 13)

... wat ook goeie prestasie behaal het. (1)

5.1.12 Gee die korrekte VORM van "hardloop". (Reël 14)

Wally Hayward het sy laaste Comrades Marathon hardloop ... (1)

5.1.13 Vul die korrekte ontbrekende WOORD in. (Reël 16)


Daar was ’n paar Comrades Marathons waaraan hy ... deelgeneem het nie. (1)

5.1.14 VERBIND die sinne met die VOEGWOORD tussen hakies. (Reël 17–18)

Die gees van Ubuntu is altyd sterk by die Comrades Marathon. Mense help mekaar. (omdat) (1)

5.2 Bestudeer die prent (TEKS G) hieronder en beantwoord die vrae.

**TEKS G**




[Verwerk uit *Shuters Arts & Culture Grade 9*]

Kies telkens die korrekte antwoord tussen hakies.

5.2.1 Daar lê baie (lyne/drade) op die vloer. (1)

5.2.2 Zanele is die (sanger/singer) in die groep. (1)

5.2.3 Gerrit het (lang/lank) hare. (1)

5.2.4 Die groep speel ’n (opgewonde/vrolike) liedjie. (1)

5.2.5 Katrien het (oorfone/oorfoons) op haar kop. (1)

5.2.6 Sanet druk die verkeerde (noot/nood) op die klavier. (1)
**[20]**

**TOTAAL AFDELING C: 40**

## AFDELING D: LETTERKUNDE

***LUGSPIEËLINGS* – Myicelie Pienaar**

Beantwoord die vrae oor AL TWEE die verhale.

**VERHAAL A: "LUGSPIEËLING" (20)**

**EN**

**VERHAAL B: "AG NEE DANKIE MAN, OUPA" (20)**

**VRAAG 6**

**VERHAAL A: "LUGSPIEËLING" – Jackie Wolvaardt**

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae.

> "Don't be silly, jy's perfect," sy oë vernou krities terwyl hulle suggestief oor haar lang bene in die knap denims dwaal, "maybe a little square."
> "Hi Buster," roep 'n blonde ou met sy arm om 'n meisie in 'n eina mini.
> "What gives?" Hulle kyk nuuskierig na Rosina.
> "My cozzi van die plaas af," knipoog hy.
> Hulle lag almal en Rosina kyk verleë na haar voete.

6.1 Van watter plattelandse dorpie het Rosina gekom? (1)

6.2 Waarheen het Buster vir Rosina geneem toe hulle die stad bereik het? (1)

6.3 Buster het meer as een keer vir Rosina gejok.

Noem TWEE kere dat hy vir haar gejok het. (2)

6.4 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf net die vraagnommer (6.4) en die letter (A–D) neer.

Wat het Buster bedoel toe hy gesê het dat Rosina "... a little square" (reël 2) was?

A Rosina het klere gedra wat modern was.
B Rosina het klere gedra wat nie in die mode was nie.
C Rosina het netjiese klere gedra.
D Rosina het snaaks gelyk in die broek wat sy aangehad het. (1)

6.5 Lees weer die uittreksel.

Hoekom, dink jy, het die skrywer so baie Engelse woorde gebruik wanneer Buster praat? (1)

6.6 Later in die verhaal het Buster vir Rosina ’n drankie met ’n vreemde smaak aangebied.

Wat, dink jy, moes Rosina gedoen het met dié vreemde drankie wat Buster vir haar gegee het? (1)

6.7 Skryf die volgende vier insidente onder mekaar oor in die VOLGORDE soos wat dit in die verhaal gebeur:

- Rosina het in ’n vreemde kamer wakker geword.
- Rosina en Buster het gedans tot vroeg die volgende oggend.
- Die kameraman het vir die polisie gesê dat dit ’n doodgewone oudisie was.
- Rose en Blondie het Rosina help mooimaak. (4)

6.8 Kies die inligting in KOLOM B wat by die karakter in KOLOM A pas. Skryf net die vraagnommer (6.8.1–6.8.4) en die letter (A–E) neer.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 6.8.1 | Buster | A | … was ’n vaderlike figuur. |
| 6.8.2 | Joseph | B | … was streng en konserwatief. |
| 6.8.3 | Mnr. Du Patsi | C | … was ’n rebelse persoon. |
| 6.8.4 | Rosina se ouers | D | … het geen respek vir ander mense se goed of gevoelens gehad nie |
| | | E | … kon ’n mens se karakter maklik opsom. |

(4 x 1) (4)

6.9 Rosina het nie gemaklik gevoel in die klere wat sy vir die oudisie moes aantrek nie.

Sê waarom hierdie stelling WAAR is. (1)

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae.

> “Jy weet nie hoe gelukkig jy is dat ons juis vandag ons ondersoek so ver het dat ons die spul skorriemorrie kan opsluit nie. Jou mense het gisteraand rapporteer dat jy weg is met die Buster-gemors wat boonop iemand se motor gesteel het.”
> Rosina sluk.
> “Weet jy wat ’n pimp is?” vra ’n vroulike speurder.
> Sy skud haar kop en die vrou sê stadig …
> ***
> “Ja, Buster is ’n lae pimp.”

6.10 Voltooi die volgende sin deur ’n woord in die lys hieronder te gebruik. Skryf net die vraagnommer (6.10) en die ontbrekende woord neer.

| blyplek; reputasie; werk |
|---|

Rosina het in die geselskap van ’n “spul skorriemorrie” beland. Dit beteken dat daardie mense ’n swak ... gehad het. (1)

6.11 ’n Lugspieëling is iets wat jy dink bestaan, maar wat nie werklik bestaan nie. Hoekom pas hierdie titel so goed by die verhaal? (1)

6.12 Hoekom was dit goeie raad wat die speurder van die vorige aand aan Rosina gegee het voordat meneer Du Patsi haar kom haal het? (1)

6.13 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf net die vraagnommer (6.13) en die letter (A–D) neer.

Watter les kan ’n mens uit hierdie verhaal leer?

A Alle vreemdelinge is slegte mense.
B Tieners is groot genoeg om hul eie besluite te neem.
C Jy kan nie alle mense vertrou nie.
D Jongmense moet altyd in groepe uitgaan. (1)

**EN**

**VERHAAL B: “AG NEE DANKIE MAN, OUPA” – H du Plessis**

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae.

“Jispaai ouens, kyk daardie girl en die sugardaddy. Hy kon haar oupa gewees het!”
“Dalk is dit haar oupa,” sê Bertie, wat nooit kwaad in ander sien nie.
“Ha! Waar’t jy gesien ’n oupa sit en voetjie-voetjie speel onder die tafel en kyk hoe vat hy aan haar been!”
Al die seuns probeer so onopsigtelik moontlik loer en Kallie voel of hy in die aarde wil insink, want dis oupa Karel wat daar sit en sy voete is rêrig om die jong meisie s’n gedraai ...

6.14 Wie was die eerste persoon om Oupa en die jong meisie saam te sien? (1)

6.15 Wat was Kallie se opinie oor die jong meisie? Gee net EEN feit. (1)

6.16 Ouma het altyd verskonings gemaak as Oupa nie Saterdae saam met Kallie kon deurbring nie. Noem TWEE van hierdie verskonings. (2)

6.17 Oupa se optrede het vir Ouma hartseer gemaak.

Sê waarom hierdie stelling WAAR is. (1)

6.18 Voltooi die volgende sin deur ’n woord in die lys hieronder te gebruik. Skryf net die vraagnommer (6.18) en die ontbrekende woord neer.

| | | |
|---|---|---|
| aktiewe; | ryk; | aantreklike |

Volgens Jack was Oupa ’n “sugardaddy”, want hy was ’n ouerige, ... man wat in ’n jong meisie belanggestel het. (1)

6.19 Kallie het nie vir sy ouma gesê dat hy Oupa saam met die jong meisie gesien het nie. Hoekom was dit die regte ding om te doen? (1)

6.20 Skryf die volgende vier insidente onder mekaar oor in die VOLGORDE soos wat dit in die verhaal gebeur:

- Kallie was nie lus om met Oupa te praat nie.
- Pa het Kallie fliek toe gestuur om sy aandag van sy oupa weg te kry.
- Kallie was bekommerd dat sy oupa baie siek was.
- Kallie het vir Oupa en die jong meisie in die restaurant gesien. (4)

6.21 Hoekom, dink jy, kan ’n mens sê dat Ouma ’n persoon was wat nie net aan haarself gedink het nie. (1)

6.22 Kies die inligting in KOLOM B wat by die karakter in KOLOM A pas. Skryf net die vraagnommer (6.22.1–6.22.4) en die letter (A–E) neer.

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 6.22.1 Oupa | A … het baie kwaad geword vir mense wat verkeerde dinge doen. |
| 6.22.2 Kallie se pa | B … het nie verantwoordelikheid vir sy aksies aanvaar nie. |
| 6.22.3 Kallie se ma | C … het neergesien op ander mense. |
| 6.22.4 Kallie | D … was kalm en het konflik vermy. |
| | E … het Ouma graag gehelp. |

(4 x 1) (4)

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae.

> Dis baie laat toe hy met ’n dik gesig en geswelde oë by die huis aankom.
> Sy ouers sê niks en sy ma beduie hy moet die telefoon wat in die gang begin lui, antwoord.
> “Ou Kal, sal ek en jy volgende Saterdag ’n vissie gaan vang?” wil Oupa gemoedelik weet.
> Kallie voel die gal in sy keel opstoot en sy stem is dik toe hy eindelik die woorde uitkry: “Ag nee dankie man, Oupa!”

6.23 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf net die vraagnommer (6.23) en die letter (A–D) neer.

Die uitdrukking “Kallie voel die gal in sy keel opstoot ...” (reël 6) impliseer dat Kallie ... geword het.

A hartseer
B rustig
C siek
D kwaad (1)

6.24 As jy Kallie se pa was, hoe sou jy die situasie met Oupa hanteer het? (1)

6.25 Wat sê die titel vir jou oor hoe Kallie oor sy oupa gevoel het? (1)

6.26 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf net die vraagnommer (6.26) en die letter (A–D) neer.

Watter boodskap dra hierdie verhaal oor?

A Oupas en oumas mag nooit skei nie.
B Oupas is menslik en kan ook foute begaan.
C Oupas en oumas moet meer tyd saam met hul kleinkinders deurbring.
D Oupas moenie jong meisies as lewensmaats kies nie. (1)

**TOTAAL AFDELING D: 40**
**GROOTTOTAAL: 120**

Kopiereg voorbehou